17/7/75: Gestuur aan die redaksie van Handhaaf. H.B.Th.

191. A. 1 (41)

ONS MONUMENTE

Die Jongste Werk van Dr. J.J. van Tonder

Deur Prof. H.B. Thom

Wil 'n mens die vaderlandsliefde van 'n volk meet, moet jy dit veral doen aan die hand van die belangstelling en waardering wat so 'n volk vir sy nasionale monumente toon. In sy nasionale monumente vind 'n volk die sigbare neerslag van die prestasies van sy mense; en meer nog: die sigbare bewys dat hy 'n diepe behoefte voel om sulke prestasies in dankbare herinnering te hou en diegene wat die prestasies gelewer het, tot besieling van die nage=slagte te laat voortleef. Dit is per slot van rekening hierdie behoefte wat, diep in 'n mens se gees, tegelyk die bronaar en die uitkoms van jou liefde vir jou land en jou mense is.

Hou ons dit in gedagte, sal ons dadelik begryp watter waarde werke oor ons monumente het, en ook waarom ons dankbaar kan wees dat daar, veral in die afgelope paar jaar, verdienstelike werke oor ons monumente verskyn het, van 'n groot, omvattende werk soos Die Historiese Monumente van Suid-Afrika (saamgestel deur prof. J.J. Oberholster op versoek van die Nasionale Monumenteraad, en uitgegee deur die Rembrandt van Rijn-Kultuurstigting) tot gewone, klein brosjures oor indiwiduele monumente.

Nou het dr. J.J. van Tonder, welbekende werker oor ons geskiedkundige bakens, gekom met sy Fotobeeld van 300 Monumente, Standbeelde en Gedenktekens langs die Pad van Suid-Afrika. Soos die titel aandui, is dit 'n omvattende werk; en as 'n mens na die inhoud kyk, word die omvattendheid terdeë bevestig: die monumente word ingedeel onder twintig hoofde, en die hele omvang van ons geskiedenis word gedek. In sy omvattendheid is die werk ook meer bepaald besonder verteenwoordigend: die man en die vrou kry aandag, die indiwidu en die groep, oud en jonk, en die taalgroepe, Afrikaanstaliges, Engelstaliges, Duitstaliges. En by elke monument is daar 'n foto, wat aanskoulikheid verhoog en begrip vergemaklik.

2/ ....

Hier het ons 'n boek wat vir die Suid-Afrikaner interessante inligting sal verskaf, en bowendien sy bodemgebondenheid en sy geesteseenheid met Suid-Afrika sal versterk. Meer bepaald vir die Afrikaner lê die waarde van die werk daarin dat dit hom sterker met sy eie besondere kultuurbesit sal verbind: dít is immers die lyn van aksent wat loop deur monumente soos bv. die stigterspaar, Jan en Maria van Riebeeck, die grasieuse Groot Constantia, die Groot Trek-gedenktekens, die monument vir die Hollandse taal in Suid-Afrika, Andrew Murray, Jan Celliers, genl. C.R. de Wet en die pas voltooide monument vir die Afrikaanse taal. Dit is ook 'n boek wat 'n buitengewone betekenis op die opvoedkundige terrein sal hê: waar ons seuns en dogters opgevoed word en hulle werklik weerbaar gemaak moet word, sal hierdie boek nie ontbeer kan word nie.

Ek moet erken dat 'n paar dinge my by die deurgaan tog wel gehinder het. Waarom word daar in die inhoudsopgawe nie ook bladsynommers aangegee nie? - Dit sou die raadpleging baie vergemaklik het. Waarom word in 'n werk oor monumente ook 'n hele aantal foto's van historiese voorstellinge gegee? Party is wel baie interessant, maar sulke foto's hoort nie hier nie. En party van die voorstellinge is ook erg amateuragtig - soos dié deur die seuns wat die Krugerstandbeeld uitbeeld: piepjonk en met valsbaarde wat skynbaar wil afval; dis kinderlik en lief, maar dit hoort nie hier nie (p. 26). Dis ook onverstaanbaar waarom die foto van die twee Beyers-seuns, hoe mooi en treffend ook al, in hierdie boek 'n plek kry (127).

Verder is daar onnoukeurighede, waarvan die volgende as voorbeelde kan dien: Jan van Riebeeck en sy vrou se standbeelde in Kaapstad kan nie "70 tree of ongeveer 23 meter uitmekaar staan" nie (1); die vrouebeeld van die Taalmonument (Burgersdorp) is nie die originele soos die byskrif te kenne gee nie (6); sir George Grey (goewerneur van die Kaapkolonie, 1854 - 1861) kon onmoontlik al aandag gewy het aan die vraagstuk van "samewerking tussen die vier provinsies" (13); Grey se bewind het in 1861 geëindig, nie 1862 nie (13);

en Rhodes het hom beywer vir die uitbreiding van die Britse Ryk (Empire), nie die "Britse Koninkryk" nie (19).

Die titel van die boek lyk my ook nie saaklik en sterk genoeg nie. Waarom die toutologiese: Monumente, Standbeelde en Gedenktekens; en die ensiklopediese: Fotobeeld van, en ook: langs die Pad van Suid-Afrika? 'n Korter titel sou meer trefkrag gehad het: Drie-honderd Monumente. Al sulke punte van kritiek kan egter in 'n nuwe uitgawe maklik reggestel word; en dr. Van Tonder het ook nou die kans daartoe, want ek verstaan dat die eerste uitgawe vrywel uitverkoop is.

Alles bymekaar genome, wil ek hierdie werk sterk aanbeveel. Dis nie die soort werk wat 'n mens maar uit die mou skud nie; inteendeel, baie jare van moeilike arbeid lê daaragter, en ons kan dr. Van Tonder opreg dankbaar wees dat hy die behoefte gevoel en die deursettingsvermoë besit het om hierdie arbeid te volbring en ons aldus 'n produk te gee wat interessant en leersaam en bowenal kultureel voedend is.

Ons wens hom krag en gesondheid toe om met sukses op sy ingeslae weg voort te gaan.

* * * * * === * * * * *